# 154 *Ons sal volhard*

## (Matteus 24:13)

1. Hoe kan ons volhard
   en net soos Jesus moedig bly?
   Volg sy voorbeeld na,
   hy het hom in sy hoop verbly.
   Sy toekoms was seker,
   niks kon hom onderkry.

(*REFREIN*)

*Volharding is noodsaaklik.*
*Geloof moet ons behou.*
*Al weet ons dis nie maklik,*
*volhard ons tot die einde toe getrou.*

2. Met verloop van tyd
   sal ons dalk pyn en angs ervaar.
   Beter tye kom,
   al kry ons nou dalk baie swaar.
   Geen lyding, geen trane—
   sien jy jouself reeds daar?

(*Refrein*)

3. Ons hou goeie moed,
   behou ’n positiewe gees.
   Ons dien God getrou,
   sy dag sal binnekort hier wees.
   Ons sal dus volhard en
   nooit twyfel en nooit vrees.

(*Refrein*)

(Sien ook Hand. 20:19, 20; Jak. 1:12; 1 Pet. 4:12-14.)

*snylpnw*-AF Nr. 154 4/16
© 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania